


# CACHET

GEREFORMEERDE KERK

[www.gkcachet.org.za](http://www.gkcachet.org.za)

[admin@gkcachet.org.za](mailto:admin@gkcachet.org.za)



*5 Julie 2020*



## Kontakpersone & inligting

### Hulppredikante:

Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921

Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

### Pastorale berader:

Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

### Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Nardus Buys – 076 413 7273

[nardusbuys14@gmail.com](mailto:nardusbuys14@gmail.com)

### Susters:

Lida Robinson – 076 263 4983

[robinsonlida@gmail.com](mailto:robinsonlida@gmail.com)

### Jubila-voorsitter:

ID Nagel – 072 926 6851

[idvnagel3910@gmail.com](mailto:idvnagel3910@gmail.com)

### Koster & powerpoints:

Philip Wepener – 083 454 6035

[npwepener@gmail.com](mailto:npwepener@gmail.com)

### Stuur enige inligting

vir die *Cachetbiljet* na:

Philip Wepener – 083 454 6035

[npwepener@gmail.com](mailto:npwepener@gmail.com)

voor óf op Vrydae om 10:00

### Vir vervoer na eredienste en/of kerkaksies:

Zard Aucamp – 

061 638 5247

### Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet

Takkode: 632005

ABSA-tjekrekening

Rekeningnommer: 06 7034 0023

Verwysing: wyk, voorletters & van

### Erediens preke & oordenkings:

<http://gkcachet.org.za/>

### Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:

<https://npwepener.wixsite.com/website>

## Afrikaanse eredienste

Sondae 9:30 & 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op die  
NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28

## English worship service

Sundays 11:00

In the Church House on the  
NWU-PUK Campus, Hoffman street 28

## Predikant

Brahm Robinson – 064 656 1374

[brahmrobinson@gmail.com](mailto:brahmrobinson@gmail.com)

## Kerkkantoor in die GS

Lulu Coetsee – 018 294 4894

of 079 494 7360

Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00

# Liturgie: Oggenddiens 5 Julie 2020

**Peet van der Westhuizen**

## **Votum en Seëngroet**

Lofpsalm: Psalm 84-1:1, 6

**Geloofsbelydenis:** Nicéa

**Wet:** Eksodus 20

Sing: Psalm 19-1:4, 7

## **Gebed**

Sing: Psalm 25-1:1, 2

**Woordbediening:** 1 Samuel 15:1-35 (Ou Vertaling)

Teksverse: Josua 24:13-14

Tema: God eis gehoorsaamheid

## **Gebed**

Sing: Psalm 119-1:11, 51

## **Uitstuurseën**

**Amen:** Skrifberyming 13-3

**Kollekte by die deur**

# Liturgie: Aanddiens 5 Julie 2020

**Prof Albert Coetsee**

**Vooraf:** Stilgebed

**Votum en Seëngroet**

Lofpsalm: Psalm 150-2:1, 2

**Gebed**

Sing: Psalm 33-1:5, 9

**Woordbediening:** Lukas 7:1-10

Teksverse: Lukas 7:4, 6

Tema: Uit onself is ons niks werd – maar in Christus is ons alles werd!

**Gebed**

**Bevestiging van ouderling en diakens**

Sing: Psalm 134-1:4

Sing: Skrifberyming 2-1 [19]:3, 4, 5, 6, 7

**Uitstuurseën**

**Amen:** Skrifberyming 13-3

**Kollekte by die deur**

## Preekskets (Aanddiens)

*So baie dinge in die lewe draai om die woordjie “werd”. Ons sê gereeld dat iemand iets werd is of iets verdien omdat hy of sy in ons oë goed is of hard daarvoor gewerk het. Die gevaar is om te dink dat dit in die geloof ook so werk.*

### ***DIE BESEF: UIT MYSELF IS EK NIKS WERD NIE***

*Die familiehoofde van die Jode vra dat Jesus ’n offisier se slaaf moet genees. Hulle dring by Hom daarop aan omdat hulle meen dat die offisier Jesus se hulp werd is – hy verdien dit.*

*Maar as Jesus op pad is na die offisier, sê hy die teendeel: hy is nie werd dat die Here onder sy dak inkom nie. Hy besef wie hy is, en hy besef wie Jesus is. Hy besef dat hy uit homself niks werd is nie.*

## ***DIE TROOS: IN CHRISTUS IS EK ALLES WERD***

*Tog hou die offisier aan om te vra. Die geloof rig alle verwagting op Jesus. Uiteindelik het hierdie offisier gekry wat hy begeer het, maar nie omdat hy dit verdien het nie. Hy het dit gekry op grond van God se genade, en sy geloofsreaksie.*

*Die skaal van die geloof werk vir ons ook so: uit onself is ons nie God se genade werd nie; maar in Christus is ons. Hy maak dat ons nou die Vader se kind genoem kan word, dat ons met vrymoedigheid tot God kan nader, en dat ons ewige sekerheid kan hê.*

# *gedagte vir die week*

As ek, o HEER, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan –

Psalm 8:3 (Totius)

## Lief en leed:

† Baie geluk aan Dalena D'Assonville en Paul Maritz wat Saterdag, 27 Junie 2020, getrou het!



† Lida Robinson se Ouma is Sondag, 28 Junie 2020, oorlede. Die begrafnis was gister. Ons dink aan Lida en aan die familie in ons gebede.



## Liefdegawes:


**Elektroniese betalings van kollekte en bydraes  
(sien p. 7, 8 en 9)**





## Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir eerste kollektes:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>

**Oggend 1ste kollekte:**  
Diens van Barmhartigheid


**Aand 1ste kollekte:**  
Instandhouding van die GS

EFT vir kollektes:  
ABSA Tjekrekening  
0670280012  
Takkode: 632005  
Verwysing:

- OggendEersteKollekte,
- AandEersteKollekte,  
(deponeer elke kollekte apart)

## Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>

**Oggend 2de kollekte:**  
Diens van Barmhartigheid


**Aand 2de kollekte:**  
Instandhouding van die GS

EFT vir kollekte:  
ABSA Tjekrekening  
0670280012  
Takkode: 632005  
Verwysing:

- OggendTweedeKollekte,
- AandTweedeKollekte,  
(deponeer elke kollekte apart)

## Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:



ABSA Tjekrekening  
0670340023  
Takkode: 335138  
Verwysing: Naam, van en wyk

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

# Gebruik van snapscan vir kollekte en bydraes

[Hoe gebruik ek Snapscan by Cachet?](#)

# VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

- 6 Julie Elandri Botha  
6 Julie Clariska Venter  
7 Julie Erika Bos  
7 Julie Carel Minnaar  
8 Julie Rikus du Plessis  
12 Jullie Johan van der Walt



**U Gedenknaam, HEER, sal leef tot die verste nageslag.**

**U sal nooit u volk begeef, maar U hou oor hul die wag.**

**Psalm 135:8a**

# Administratief

## 1. Ampsdraers:

Die volgende broeders word DV Sondag tydens die aanddiens as ampsdraers bevestig:

1. Riaan Wattel (diaken)
2. Frikkie Deysel (ouderling)
3. Schalk Buys (diaken)
4. Roy Aslett (diaken)

Bernard Maritz word ter approbasie aan die gemeente voorgehou om bevestig te word in die amp van diaken.

## 2. Ds Brahm verlof:

Ds Brahm is met verlof tot 12 Julie. Kontak asseblief u wyksouderling, diaken of wyksuster vir enige lief en leed. Oom Frans Minnie is beskikbaar vir pastorale gevalle.



Joshua na die reën hou 17 Julie @ 19:00 'n internet konsert in die gemak van jou eie huis!

Koop 'n kaartjie en help GK Cachet om ons kerk te bou!

Kaartjies kos R75.00.

Maak asb seker dat u [hierdie skakel](#) gebruik sodat 'n deel van die opbrengs aan Cachet toegeken kan word.

Versprei asb die goeie nuus aan familie/vriende/enige belangstellendes.

# Nuus vanaf Admin Buro



## BEROEP ONTVANG

1. Ds OJ Struwig (Ockie) van GK Frankfort na GK Totiusdal

## PROPONENTE BEROEPBAAR GESTEL

1. Proponent GJ Venter (Jonker)
2. Beroepbaarstelling van Ds MJ Nkili (Jafta) ingevolge KO, art 11





**NADER TOT GOD**

*en Hy sal tot julle nader.*

JAKOBUS 4:8

  
**KRUISPAD**  
*e-tydskrif*

*maandeliks  
gratis  
gereformeerd*

## Hoe kan ek in my verhouding met die Here groei?



***“DIÉ WAT HY LANK TEVORE VERKIES HET,  
HET HY OOK BESTEM OM GELYKVORMIG TE WEES  
AAN DIE BEELD VAN SY SEUN, SODAT  
SY SEUN BAIE BROERS KAN HÊ  
VAN WIE HY DIE EERSTE IS.”***

**ROMEINE 8:29**

## Stel jou verhouding met God eerste



# Oordink die Woord dag en nag



## Goeie gewoontes vir jou persoonlike stiltetyd



Die geloof is dus uit die gehoor,  
en die gehoor  
is deur die woord van God.

**ROMEINE 10:17**


## Die verskillende leesstof in die Bybel



**HOE KAN 'N JONGMENS SY LEWE SKOON HOU?  
Deur hom te hou aan u woord!**

**PSALM 119:9**

## Vind raad vir algemene probleme met stiltetyd



“Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.”

**GALASIËRS 6:9**

# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Vervolg  Maar nooit alleen.



Sien hoe jou gebede  
en geskenke vervolgte  
Christene in 2019  
bemoedig het

BL 5

**JULIE**  
**/**  
**AUGUSTUS**  
**2020**

Jy help om Noord-Koreaanse Christene aan die lewe te hou, bl. 2 | Christene demonstreer Christus se liefde - danksy jou, bl. 3 | Samson ervaar vreugde weens sy geloof in Jesus, bl. 4 | Impakverslag, bl. 5-10 | 60-sekonde getuïenisse, bl. 11



## Geopende *Deure*

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

[Nuusbrieff Julie/Augustus 2020](#)





Ratio Christi is 'n apologetiekvereniging wat verdediging van die Christelike geloof uitbou, ondersteun en bemagtig. Besoek Ratio Christi se youtube kanaal hieronder, waar waardevolle en oulike videos gekyk kan word.

Die voorsitter van Ratio Christi is Ds Daniël Maritz, 'n predikant by Gereformeerde Kerk Brooklyn in Pretoria.

[Ratio Christi South Africa](#)



Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys  
Posbus 13383, Hatfield 0028  
T: 012-362 0660 E: toibo@imaginet.co.za



## *Fokus op Leergestremdheid*

Transvalia-skool het in 1972 begin as 'n skool vir leerders met Epilepsie met net 7 leerders, maar geleidelik oorgegaan na 'n skool vir hoofsaaklik spesifieke leergestremdhede.

Elizabeth Stone het gesê: *Die besluit om 'n kind te hê is formidabel. Dit is die voorneme om vir altyd daarna jou hart buite jou liggaam te sien rondloop.*

Ons mensdom is egter snaaks – baie keer is ons so opgewonde oor 'n geskenk en dan begin ons rondkyk en dit opweeg teenoor wat ander het en kan die opgewondenheid taan. Ons sien dit baie by mammas met kinders ook. Dit begin al in die hospitaal: My kind weeg soveel en joune? Later is dit: Myne het al twee tande, wat van joune ...? My kind kruip, praat, loop, lees al en joune? Vir baie van ons begin daar dan 'n onrustigheid inkruip, as ons kind nie opweeg teen die ander nie.

Wanneer hierdie vergelyking by skoolgaande kinders gebeur, is daar altyd daardie kindertjies wat net nie heeltemal die paal haal nie – daardie outjies wat altyd net so bietjie te kort skiet. Hy/sy is of te besig of te stadig, die een wat 'net nie ore het nie', wat altyd alles verloor of vergeet, die enetjie wat nie soos die ander heeltemal die kuns van lees, skryf of spel bemeester nie, sosiaal nie so lekker inpas by die maatjies nie en in konflik betrokke raak en baie huilerig is.

Baie gou kry hierdie kindjie 'n etiket by die skool as die moeilike, probleem kind wat leer ontwrig en word die ouer se lewe 'n nagmerrie van gereelde oproepe van die skool, doktersafsprake, toetse, medikasie, terapie... die ouer word oorspoel met woorde soos leergestremd, hiperaktief, aandagafleibaar, taalagterstand, terapie, remediëring, medikasie. Hul beweeg van bakboord na stuurboord op soek na antwoorde en hulp. Hierdie nagmerrie wêreld is so ver verwyderd van daardie idilliese oomblik toe daardie klein babatjie vir die eerste keer vasgehou word. So baie vrae en so min antwoorde...

Hierdie is egter die kinders wat vir ons by Transvalia baie na aan die hart lê. Hierdie kindertjies wat so swaarkry met hulle versteekte gestremdheid of 'hidden disability'. Die rede waarom ek dit so noem, is dat hierdie gestremdheid nie onmiddellike simpatie uitlok by mense soos 'n fisiese gestremdheid nie omdat mense dit nie kan sien nie, maar dit kan vir die kind en ouer net so verpletterend wees.

Kinders met ernstige leerprobleme, hiper-aktiwiteit, aandagafleibaarheid en epilepsie kom baie keer met 'n stukkende selfbeeld by ons skool aan. By Transvalia-Skool word hierdie kinders geleer dat hulle, met die hulp van bekwame personeel, hulle probleem kan hanteer en ook kan presteer soos ander. Die kind leer ook dat daar ander soos hy is. Ons doelwit is dat hierdie outjie met tyd sy kop sal oplig en die wêreld vierkantig in die oë sal kyk en weet hy of sy is die moeite werd.

Mev Beverley du Toit  
Hoof Transvalia-skool



**CINDY DAVID – 'n sprekende voorbeeld!**

Van bedel op straat tot die toppresterder vir LSOB-skole in die Distrik Tshwane-Suid. Sy slaag matriek met twee onderskeidings.

Transvalia-skool word ook aangewys as die beste LSOB-skool in Gauteng en in hul Distrik vir die jaar 2019.

**Every child can LEARN - just not on the  
same day or the same way**



Transoranje Instituut  
Rekeningnr: 020 840 145 Takkode: 632 005